Vrydag **24 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:8**

**’n Rein hart lei tot die ewige lewe**

In hierdie Skrifgedeelte maak Jesus die verskil tussen gelowiges en ongelowiges baie duidelik. Hy noem die eienskappe wat gelowiges in hierdie wêreld behoort te vertoon.

Dit is duidelik dat hierdie nie eienskappe is waarmee ons gebore word nie. Nee, dit is eienskappe wat God alleen deur sy Gees aan jou kan gee. By elkeen van hierdie Godgegewe eienskappe word daar boonop ’n belofte gegee. In hierdie geval: “Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien” (vs 8).

Mense wat rein van hart is, is nie net uiterlik rein nie, is nie net op die oog af rein nie. Nee, hulle harte, hulle diepste innerlike, is rein gemaak. God het dit deur sy Gees gedoen. As jou hart rein gemaak is, sal jy egter ook rein lewe, want die stand van jou hart bepaal jou lewenswyse. As jou hart rein gemaak is, is jy begerig om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself. As jou hart rein gemaak is, dan wil jy die Woord van die Here in alles gehoorsaam en wil jy alle sonde in jou lewe uitroei. As jou hart rein gemaak is, wil jy die Here nie halfhartig nie, maar heelhartig dien.

Die belofte wat hieraan gekoppel is, is dat dié wat rein van hart is, God sal sien, met ander woorde dat hulle die ewige lewe sal beërwe en vir ewig in God se heerlike teenwoordigheid sal lewe.

Mag God vandag aan elkeen van ons die genade gee om te lewe soos mense wie se harte Hy gereinig het!

*Sing: Psalm 9:7 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*